Beste LVSA-lede

Dit was werklik aangenaam om ons lede by die Potchefstroom kongres te sien. Ek is seker almal sal saamstem dat dit ’n baie aangename kongres was en dat dit ’n aanduiding is van die goeie welstand van ons vereniging. Ek vra verskoning dat die brief nou eers uitgestuur word. Dit is as gevolg van my stadige herstel van sinusitis, asook my reis na Europa na die kongres.

Dit is ’n goeie teken dat ons raadsvergadering nie net ’n kworum gehad het nie, maar ook goed bygewoon is. Dit is opmerklik dat van ons jonger lede teenwoordig was. Hier is die besonderhede van die nuwe bestuur en ook ons planne om in die toekoms volhoubaar te wees:

Bertus Van Rooy het uit die bestuur uitgetree. Hy was die afgelope twee jaar ’n bekwame vise-voorsitter en sal gemis word. Ons hoop dat hy weer in die toekoms sy weg sal oopsien om beskikbaar te wees. Ek bedank hom en Nhanhla Thwala, wie se termyn ook tot ’n einde gekom het.

Die nuwe bestuur bestaan uit die volgende lede:

Myself as voorsitter, tot en met die volgende verkiesing.
Jackie Naudé (UVS) is herverkies as sekretaris/tesourier. (Jackie het aangedui dat hy van plan is om uit te tree en dat hy ’n jonger lid vir die posisie van tesourier oplei).
Marné Pienaar (UJ) is herverkies as mede-redakteur (tesame met Patricia Watson). Marné wil graag binne ’n jaar uittree en moedig ons dus aan om ’n geskikte opvolger uit Linguistiek te kry. Stuur asseblief u voorstelle na my of Jackie, ons sekretaris, in verband met hierdie belangrike saak.
Ondene van Dulm (Stellenbosch) is herverkies as redakteur gemoeid met resensies.

Verder was daar vier nominasies. Uit dié is Ron Simango (Rhodes) en Britta Zawada (UNISA) verkies en Leketi Makalela (Universiteit van Limpopo) en Mark de Vos (Rhodes) is as addisionele bestuurslede gekoöpteer.

Ten einde ’n jonger, sterker bestuur vir die toekoms te bou, is die volgende persone ook as mede-lede gekoöpteer:
Leandra Ehlers (UVS) as tuisbladredakteur
Nikiwe Matebula (UVS) as mede-tesourier
Kiran Pienaar (Rhodes) as bemarking- en skakelpersoon by NISC.

Dit is vir my aangenaam om al die nuwe lede op die bestuur te verwelkom, maar veral die jonger lede. Die bestuur sal binnekort ’n vise-voorsitter aanwys.

Die volgende kongres sal in Januarie 2008 by die Universiteit van Stellenbosch plaasvind. Dit sal ’n vierrigting kongres wees, saam met ons vennote SAVTO en SAALA, en rug aan rug met die International Pragmatics Association.

Alles wat goed is vir die huidige semester, en ek sien uit om u in Januarie in die wynland te sien.

Raj Mesthrie
15 Augustus 2007